4. Ten einde die betalingsbalans in die algemeen te verstewig en in die besonder om die ongunstige toestand van vervroegings en vertraginge reg te stel, het die Minister van Finansies en die President van die Reserwebank op 11 Augustus 1975 'n aantal deviesebeheer- en monetêre beleidsmaatreëls aangekondig. Hierdie maatreëls het ingesluit, eerstens, 'n aantal verslappings van deviesebeheermaatreëls om 'n invloeiing van kapitaal te vergemaklik en aan te moedig, en tweedens, 'n meer konserwatiewe monetêre beleid wat daarop gemik is om die oorskot-likwiditeit te verminder en om te verhoed dat rentekoerse verder daal.

5. Onlangs het die ekonomiese toestand oor die algemeen in twee basiese opsigte verander, naamlik (1) dit het duidelik geword dat die huidige ekonomiese resessie in die wêreld sowel dieper is en langer duur as wat verwag is; en (2) die prys van goud op die private mark het aansienlik gedaal tot \$135 per fyn ons op 19 September 1975. Onder hierdie veranderende omstandighede het die Regering besluit om met ingang 22 September 1975 die rand in terme van die VSA-dollar met 17,9 persent te devalueer. Hierdie devaluasie is nie alleen daarop gemik om die betalingsbalans in sy geheel te versterk nie maar ook om te verhoed dat die huidige verlangings in die binnelandse ekonomiese bedrywigheid te ver gaan. In hierdie aankondiging het die Minister van Finansies ook verklaar dat die likwiede batevereistes van die banke verder verhoog sal word vanaf die datum van sertifisering van hulle maandopgawes vir September.

6. Die koers van toename in geld en kwasi-geld gedurende die tydperk van vier maande vanaf April tot Julie 1975 was aansienlik laer as dié gedurende die eerste kwartaal en gedurende die 1974-kalenderjaar.



Alhoewel die seisoensaangesuiwerde hoeveelheid geld en kwasi-geld gedurende hierdie tydperk met slegs R226 miljoen toegeneem het, het die seisoensaangesuiwerde eise van die banksektor teen die private sektor met R437 miljoen gestyg en dié teen die regeringsektor met nie minder nie as R555 miljoen. Hierdie verdere toenames in binnelandse krediet is egter gedeeltelik deur 'n skerp afname in die netto goud- en ander buitelandse reserwes en opmerkbare stygings van langtermyndeposito's teengewerk. Gedurende die tweede kwartaal en Julie 1975 het die likwiditeitstoestand van monetêre bankinstellings aansienlik verbeter. Die toestand in die geldmark het betreklik ruim gebly en rentekoerse het gedurende Julie hul afwaartse neiging voortgesit. Ná die verhoging van die Bankkoers vanaf 8 tot 8½ persent op 11 Augustus en die verhoging van die likwiede batever-eistes van die banke, het geldmarkrentekoerse egter aansienlik gestyg.


7. Hoofsaaklik as gevolg van die hoë koers van toename in skatkisuitreikings, het die Skatkisrekening in die tydperk van vier maande vanaf April tot Julie 1975 'n tekort van R633 miljoen getoon. Ten einde die Regering se afhanklikheid van die banksektor in die finansiering van die skatkistekort te verminder, sal 'n nuwe effekte-uitgifte van 25 jaar op 1 Oktober vir algemene openbare inskrywing teen 'n histories hoë opbrengskoers van 10 persent oopgestel word. Spesiale reëlins is met die Reserwebank getref om hierdie effekte op aanvraag aan beleggers beskikbaar te stel vanaf 25 Augustus. As deel van die teen-inflasionistiese aksie is die Regering ook van voorneme om op besteding te besuinig en het hy ander owerheidsliggame versoek om dieselfde te doen.

## Nasionale rekeninge

Ná 'n daling gedurende die vierde kwartaal van 1974, het die reële bruto binnelandse produk gedurende die eerste kwartaal van 1975 effens gestyg en daarna gedurende die tweede kwartaal van 1975 redelik skerp toegeneem. Die versnelling in die groeikoers gedurende die tweede kwartaal was egter bykans geheel en al aan 'n aansienlik groter bydrae deur die landbou-sektor toe te skryf. Die koers van toename in ekono-miese bedrywigheid in die nie-landbousektore van die volkshuishouding het gedurende die tweede kwartaal effens verbeter vanaf die betreklik lae peil wat in die eerste kwartaal van die jaar aangeteken is.

Gedurende die tweede kwartaal van 1975 het die vergoeding van werknemers teen heersende pryse

### Persentasieverandering in bruto binnelandse produk teen konstante 1970-pryse





voortgegaan om teen ongeveer dieselfde koers as gedurende die eerste kwartaal toe te neem, maar die bruto bedryfsurplus, wat gedurende die voorafgaande kwartaal gedaal het, het aansienlik gestyg. Die vernameste bydraes tot laasgenoemde toename is deur die landbou, die fabriekswese en die groot-, klein- en motorhandel gelewer.

Die reële binnelandse vraag, soos gemeet aan die reële bruto binnelandse besteding het gedurende die tweede kwartaal van 1975 skerp toegeneem, nadat dit gedurende die eerste kwartaal bykans geen verandering getoon het nie. Die hoofkomponent van die bruto binnelandse besteding, naamlik private verbruiksbesteding, het gedurende die tweede kwartaal vinniger as gedurende die eerste kwartaal van 1975 toegeneem, hoofsaaklik as gevolg van hoër besteding aan duursame goedere. Dit is betekenisvol dat die reële besteding aan nuwe motors en televisietoestelle, wat op die instelling van televisietoetsuitsendings in Mei 1975 gevolg het, merkbaar toegeneem het. Verbruiksbesteding deur die algemene owerheid teen



konstante pryse het sy skerp stygende neiging tot en met die tweede kwartaal voortgesit. Verdedigingsuitgawes in die besonder, het teen 'n hoër koers toegeneem.

Die reële bruto binnelandse vaste investering, wat gedurende die voorafgaande twee kwartale gedaal het, het gedurende die tweede kwartaal van 1975 skerp toegeneem, hoofsaaklik as gevolg van hoër reële kapitaalbesteding deur die openbare sektor. Die toename in reële kapitaalbesteding deur openbare owerhede het oor 'n breë spektrum voorgekom, maar die grootste bydraes het gekom van die Departement van Pos- en Telekommunikasiewese aan telekommunikasiedienste, die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens aan rollende materiaal, en die sentrale regering en provinsiale administrasies aan waterwerke, paaie en brûe. Verhoogde reële vaste investering deur Yskor aan die Sishen-Saldanha-projek en aan fabriekstoerusting het tot 'n verdere aansienlike toename in die reële kapitaalbesteding deur openbare korporasies gelei. Die reële vaste investering deur die private sektor het 'n verdere afname getoon. Dit was die netto resultaat van laer reële besteding deur die handel en aan woningboukonstruksie, wat gesamentlik die toenames wat deur die fabriekswese en vervoer aangeteken is, meer as geneutraliseer het.

Die boekwaarde van die totale voorrade het gedurende die tweede kwartaal van 1975 verder toegeneem, hoofsaaklik as gevolg van toevoegings tot nywerheids- en handelsvoorraad. Die netto toevoeging tot nywerheids- en handelsvoorraad gedurende die tweede kwartaal van 1975 was egter aansienlik laer as dié wat gedurende enige van die voorafgaande vyf kwartale aangeteken is.

Soos in die eerste kwartaal, was die bruto binnelandse besparing in die tweede kwartaal weer onvoldoende om die bruto binnelandse investering te finansier. Met binnelandse besparing wat min verandering getoon het en vaste en voorraadinvestering wat skerp toegeneem het, moes daar gedurende die tweede kwartaal van 1975 op groter skaal van buitelandse fondse gebruik gemaak word. Die toenames in maatskappybesparing en voorsiening vir waardevermindering is min of meer deur afnames in persoonlike besparing en die lopende surplus van die algemene owerheid geneutraliseer.

### Bruto binnelandse besteding teen konstante 1970-pryse




### Konjunktuur-ontwikkelings, arbeidstoestand en pryse

#### Konjunktuur-ontwikkelings

Uit 'n ontleding van nasionale rekeninge-gegewens en ander ekonomiese aanwysers, is dit duidelik dat die Suid-Afrikaanse volkshuishouding nog steeds in die afwaartse fase van die huidige konjunkturgolf verkeer. Hierdie gevolgtrekking word duidelik geïllustreer deur die sikliese bewegings van 'n uitgesoekte aantal reekse, soos in die bygaande grafiek getoon, wat normaalweg met die konjunkturgolf saamval. Alhoewel



## Konjunkturaanwysers



die afname in die koers van toename in die ekonomiese bedrywigheid taamlik wydverspreid in die ekonomie voorgekom het, het die mate van afname opmerklik tussen sektore verskil. Die toestand in die fabriekswesesektor, in die besonder, het traag gebly, soos deur 'n verdere afname in die benutting van kapasiteit gedurende die tweede kwartaal van 1975 weerspieël is. Onvoldoende vraag was nog steeds die belangrikste enkele rede vir hierdie verdere toename in onbenutte produksiekapasiteit. Indien die hoë koers van toename in bou- en konstruksiekoste in aanmerking geneem word, het die boubedrywigheid, soos weerspieël deur die waarde van geboue voltooi en bouplanne goedgekeur, in die tweede kwartaal van 1975 tot betreklik lae peile afgeneem.

Alhoewel die ekonomie hom nou reeds vir meer as 'n jaar in die afwaartse fase van die konjunkturgolf bevind het, is dit belangrik om daarop te let dat klein verbeterings in sekere sektore van die ekonomie in die eerste en tweede kwartale van 1975 voorgekom het. Ná 'n afname in die vierde kwartaal van 1974 het die reële bruto binnelandse produk, uitgesonderd landbou in die eerste kwartaal van 1975 byvoorbeeld 'n klein positiewe groeikoers getoon en het dit in die tweede kwartaal ietwat verder verbeter. Verder kon daar in die tweede kwartaal ook geringe verbeterings opgemerk word in reekse soos die fisiese volume van fabrieksproduksie, goudmynbouproduksie, groothandelsverkope teen konstante pryse, en die aantal nuwe motors en handelsvoertuie verkoop. Die bogenoemde verbeterings moet egter gesien word in verhouding tot veranderinge in die voorafgaande kwartale en kan nie aanvaar word as aanduidings van 'n onderste draaipunt van die konjunkturgolf nie.

### Arbeidstoestand

As gevolg van die laer koers van toename in die ekonomiese bedrywigheid wat gedurende die afgelope vier kwartale aangeteken is, het die arbeidstoestand tot die tweede kwartaal van 1975 verder verruim. Gedurende die tweede kwartaal was die aantal gewone sowel as oortydure wat in die fabriekswese sowel as konstruksie gewerk is, heelwat laer as die peile daarvan wat in die derde kwartaal van 1974 bereik is. Die seisoensaangesuiwerde geregistreerde aantal werklose Blankes, Kleurlinge en Asiërs het ook verder toegeneem vanaf 9 530 in Maart tot 10 431 in Junie voordat dit effens afgeneem het tot 10 152 in Augustus 1975.

### Pryse

Alhoewel die huidige koerse van toename in verbruikers- en groothandelspryse nog steeds onaanvaarbaar hoog is, het hulle gedurende die drie kwartale geëindig Junie 1975 betekenisvol verlangsaam.

Ná stygings teen jaarlikse koerse van 18,2 persent in die derde kwartaal van 1974 en 13,8 persent in



**Pryse: Jaarlikse persentasiekoers van verandering in die seisoensaangesuiwerde gemiddelde vlak per kwartaal**

	2e kw. 1974 tot 3e kw. 1974	3e kw. 1974 tot 4e kw. 1974	4e kw. 1974 tot 1e kw. 1975	1e kw. 1975 tot 2e kw. 1975
Verbruikerspryse . . . .	18,2	13,8	13,8	12,4
Totale goedere . . . .	21,1	15,2	14,0	13,0
Voedsel . . . . .	35,0	17,3	14,9	6,9
Dienste . . . . .	12,2	11,2	13,0	11,0
Groothandelspryse . .	26,3	14,4	18,7	9,4
Goedere geproduseer in S.A. . . . .	20,9	11,3	18,5	8,2
Ingevoerde goedere .	44,2	23,8	19,1	13,4

sowel die vierde kwartaal van 1974 as die eerste kwartaal van 1975, het die koers van toename in verbruikerspryse verlangsaam tot 12,4 persent in die tweede kwartaal. Laasgenoemde verandering was hoofsaaklik aan 'n betreklik lae koers van toename in voedselpryse toe te skryf, alhoewel die koers van toename in die pryse van die meeste ander items ook vanaf die eerste na die tweede kwartaal van die jaar verlangsaam het. Die verlangsaaming in die koers van toename gedurende die tweede kwartaal is selfs nog meer betekenisvol in die lig van die verhogings van staats-geadministreerde pryse en hoër doeane- en aksynsregte op sekere goedere en dienste wat gedurende daardie kwartaal van krag geword het. Nieteenstaande hierdie stygings en die betreklik skerp styging in huiseienaarskoste in Julie, hoofsaaklik as gevolg van stygings in munisipale heffings, het die seisoensaangesuiwerde verbruikersprysindeks vanaf Desember 1974 tot Augustus 1975 teen 'n jaarlikse koers van 12,5 persent toegeneem.

Die koers van toename in die seisoensaangesuiwerde groothandelsprysindeks het in die tweede kwartaal van 1975 aanmerklik afgeneem en die laagste vlak sedert die eerste kwartaal van 1972 bereik.

As gevolg van stadiger toenames in die pryse van binnelandsgeproduseerde en ingevoerde goedere gedurende die tweede kwartaal, naamlik teen jaar-koerse van 8,2 en 13,4 persent, onderskeidelik, het die totale indeks teen 'n jaar-koers van slegs 9,4 persent gestyg. Hierdie syfer het gunstig vergelyk met die toenames van onderskeidelik 26,3, 14,4 en 18,7 persent gedurende die voorafgaande drie kwartale. Gedurende Julie 1975 het die koers van toename in die groothandelspryse weer versnel as gevolg van skerp stygings in die pryse van basiese metale en metaalprodukte vervaardig in Suid-Afrika. Vanaf Desember 1974 tot Julie 1975 het die seisoensaangesuiwerde groothandelsprysindeks teen 'n jaarlikse koers van 15,8 persent gestyg.

**Betalingsbalans**

Nadat dit gedurende die tweede en derde kwartale van 1974 aansienlike tekorte getoon het, het die betalingsbalans in sy geheel, soos gemeet deur veranderinge in die goud- en ander buitelandse reserwes as gevolg van betalingsbalansstransaksies, verbeter en oorskotte is in die volgende drie kwartale aangeteken. Hierdie verbetering kan geheel en al toegeskryf word aan groot kapitaalinvloeiings, hoofsaaklik in die vorm van buitelandse lenings wat die aansienlike tekorte op die lopende rekening meer as geneutraliseer het. 'n Aansienlike deel van die netto invloeiing van kapitaal gedurende die tweede kwartaal het egter bestaan uit amptelike lenings om die betalingsbalans te beskerm en indien hierdie lenings in berekening gebring word, het die Reserwebank se *netto* goud- en ander buitelandse reserwes in werklikheid gedurende die afgelope paar maande aansienlik gedaal.


'n Groot tekort van nie minder nie as R457 miljoen is in die tweede kwartaal van 1975 op die lopende rekening van die betalingsbalans aangeteken. Teen 'n seisoensaangesuiwerde jaar-koers het die tekort op lopende rekening vanaf R1 518 miljoen in die eerste kwartaal tot R1 901 miljoen in die tweede kwartaal van die jaar toegeneem. Hierdie verdere verswakking op lopende rekening het voorgekom ten spyte van 'n effense afname in goedere-invoere en was die resultaat van 'n skerp styging in dienstebetalings aan buitelanders tesame met klein afnames in die netto goudproduksie en goedere-uitvoere.

Nadat die waarde van goedere-invoere vanaf die derde kwartaal van 1974 afgeplat het, het dit in werklikheid vanaf 'n seisoensaangesuiwerde jaarsyfer van R6 456 miljoen in die eerste kwartaal tot R6 360 miljoen in die tweede kwartaal van 1975 afgeneem. Alhoewel hierdie afname in die meeste kommoditeitsgroepe voorgekom het, is 'n besondere skerp afname in die invoere van basiese metale aangeteken. Aan die ander kant het die invoere van masjinerie en elektriese toerusting en vervoertoerusting aangehou om teen hoë koerse toe te neem. 'n Verdere skerp toename in laasgenoemde groepe, tesame met 'n toename in chemiese produkte, was hoofsaaklik vir die skerp styging in die invoersyfers van die Departement van Doeane en Aksyns vir Julie 1975 verantwoordelik. In Augustus 1975 het die waarde van goedere-invoere, soos deur die Departement van Doeane en Aksyns bereken, egter skerp gedaal.


Goedere-uitvoere het vanaf 'n seisoensaangesuiwerde jaarsyfer van R3 449 miljoen in die eerste kwartaal afgeneem tot R3 303 miljoen in die tweede kwartaal van 1975, d.w.s. met ongeveer 4 persent, hoofsaaklik as gevolg van 'n afname in die uitvoer van diamante wat die effense toename in die waarde van die uitvoer van die meeste ander kommoditeitsgroepe meer as geneutraliseer het.



## Lopende rekening van die betalingsbalans



## Saldo op lopende rekening




Die waarde van die netto goudproduksie het vir die tweede opeenvolgende kwartaal afgeneem tot 'n seisoensaangesuiwerde jaarsyfer van R2 436 miljoen in die tweede kwartaal van 1975. Hierdie verdere afname is veroorsaak deur 'n skerp daling in die goudprys op die Londense mark vanaf 'n gemiddelde van \$178,11 per fyn ons gedurende die eerste kwartaal tot \$167,18 per fyn ons gedurende die tweede kwartaal, en is slegs gedeeltelik deur 'n toename in die volume van die goudproduksie geneutraliseer. Gedurende Julie en Augustus het die goudprys voortgegaan

om geleidelik te daal voordat dit skerp tot \$135 per fyn ons op 19 September 1975 gedaal het.

Vanaf die begin van 1973 het dienstebetalings aan buitelanders 'n volgehoue stygende neiging getoon en teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarsyfer in die tweede kwartaal van hierdie jaar nie minder nie as R2 583 miljoen bedra. Die verdere styging in hierdie betalings gedurende die tweede kwartaal kan hoofsaaklik aan 'n toename in rentebetalinge op buitelandse lenings en internasionale vrag- en versekeringsbetalings op goedere-invoere toegeskryf word.

## Netto buitelandse kapitaalbewegings





'n Verdere aansienlike netto invloeiing van buitelandse kapitaal wat nie minder nie as R472 miljoen bedra het, is gedurende die tweede kwartaal van 1975 aangeteken, vergeleke met 'n invloeiing van R355 miljoen gedurende die eerste kwartaal van die jaar. In teenstelling met die voorafgaande twee kwartale, waartydens die netto invloeiing geheel en al na die private sektor gegaan het, was die netto invloeiing van kapitaal gedurende die tweede kwartaal ongeveer gelykop tussen die private sektor en die sentrale regering en banksektor verdeel. Die opmerklike toename in die netto invloeiing na laasgenoemde sektor gedurende die tweede kwartaal was hoofsaaklik toe te skryf aan 'n skerp toename in die bedrag aan amptelike lenings wat in die buiteland verkry is om die betalingsbalans te versterk. Die netto invloeiing van buitelandse kapitaal na die private sektor het hoofsaaklik bestaan uit langtermynleningskapitaal wat in die buiteland verkry is, in besonder deur die openbare korporasies, om ontwikkelingsuitgawes te finansier.

'n Aansienlike netto invloeiing van private korttermynkapitaal het gedurende die vierde kwartaal van 1974 en die eerste kwartaal van 1975 plaasgevind, maar verwagtings aangaande moontlike veranderings in die wisselkoers van die rand het weer eens veroorsaak dat die vervroegings en vertraging van buitelandse korttermynbetalings en -ontvangste teen Suid-Afrika gedraai het. Gevolglik het die netto invloeiing van korttermyn private kapitaal, insluitende foute en onaangetekende transaksies, skerp gedaal vanaf R223 miljoen gedurende die eerste kwartaal van 1975 tot slegs R28 miljoen gedurende die tweede kwartaal. Die owerhede het gevolglik op 27 Junie 1975 besluit om hul wisselkoersbeleid te verander van een van onafhanklike beheerde swewing na 'n beleid waarvolgens die rand-dollar-koers vir langer tydperke konstant gehou sal word en aanpassings slegs gemaak sal word as dit op grond van basiese veranderinge in die binnelandse en/of internasionale toestand noodsaaklik geag word. Onlangs het die ekonomiese toestand oor die algemeen in twee basiese opsigte verander, naamlik (1) dit het duidelik geword dat die huidige ekonomiese resessie in die wêreld sowel dieper is en langer duur as wat verwag is; en (2) die prys van goud op die private mark het aansienlik gedaal tot \$135 per fyn ons op 19 September 1975. Onder hierdie veranderde omstandighede het die Regering besluit om met ingang 22 September 1975 die rand in terme van die VSA-dollar met 17,9 persent te devalueer. Hierdie devaluasie is nie alleen daarop gemik om die betalingsbalans in sy geheel te versterk nie maar ook om te verhoed dat die huidige verlangsaaming in die binnelandse ekonomiese bedrywigheid te ver gaan.

Die owerhede het op 11 Augustus ook aangekondig dat 'n meer konserwatiewe monetêre beleid gevolg sal word, waarby onder andere 'n vermindering van die vermoë van die banke om binnelandse krediet

in die plek van buitelandse handelskrediet te verleen, ingesluit sal wees en dat valutabeheer verslap sal word om die invloeiing van kapitaal aan te moedig. Verder het die Minister van Finansies, met die aankondiging van die devaluasie van die rand met ingang 22 September, aangekondig dat die likwiede bateverreistes van die banke verder verhoog sal word vanaf die datum van sertifisering van hulle maandopgawes vir September.

Die aansienlike tekort op lopende rekening, tesame met die groot netto invloeiing van kapitaal gedurende die tweede kwartaal van 1975 sowel as waardasie-aansuiwerings, het tot gevolg gehad dat die totale goud- en ander buitelandse reserwes met R23 miljoen tot 'n peil van R927 miljoen aan die einde van Junie 1975 gestyg het. Gedurende Julie en Augustus het die goud- en ander buitelandse reserwes van die Reserwebank 'n aansienlike styging van R74 miljoen tot 'n vlak van R794 miljoen op 31 Augustus 1975 getoon.



## Monetêre en banktoestand

Die seisoensaangesuiwerde jaarkoers van toename in die hoeveelheid geld en kwasi-geld het, alhoewel dit gedurende Julie ietwat versnel het, gedurende die tydperk van vier maande vanaf April tot Julie 1975 slegs 9 persent beloop. Hierdie koers van toename was laer as dié gedurende die eerste kwartaal van die jaar (15 persent), en opmerklik laer as die 22 persent wat gedurende die kalenderjaar 1974 aangeteken is. Vir die eerste sewe maande van 1975 was die jaarkoers van toename ietwat minder as 12 persent en die eng gedefinieerde geldvoorraad het gedurende hierdie tydperk in werklikheid teen 'n jaarkoers van slegs 6 persent toegeneem.

Verdere groot stygings in bankkrediet was gedurende die tweede kwartaal en Julie 1975 nog steeds vir die toename in die hoeveelheid geld en kwasi-geld verantwoordelik. Gedurende hierdie tydperk het die binnelandse kredietuitbreiding (bestaande uit die seisoensaangesuiwerde toename in eise van die banksektor teen die private sektor en in *netto* eise teen die regeringsektor) nie minder nie as R992 miljoen bedra, waarvan eise teen die private sektor R437 miljoen en *netto* eise teen die regeringsektor R555 miljoen verklaar het. Gedurende Julie alleen het die *netto* eise teen die regeringsektor met R201 miljoen toegeneem. Hierdie groot stygings in bankkrediet is egter in 'n ongewoon groot mate deur 'n aansienlike daling in die *netto* goud- en ander buitelandse reserwes, in die besonder gedurende die tweede kwartaal, en opmerklike verdere stygings in langtermyndeposito's, in die besonder gedurende Julie, geneutraliseer.

Die seisoensaangesuiwerde jaarkoers van toename in bankkrediet aan die private sektor het effens gestyg vanaf 16 persent gedurende die eerste kwartaal van 1975 tot 19 persent gedurende die vier maande vanaf April tot Julie. Hierdie koerse, sowel as die gemiddelde koers van ongeveer 18 persent gedurende die eerste sewe maande van die jaar, was op ongeveer dieselfde peil as die toename van 19 persent gedurende

kalenderjaar 1974. 'n Beduidende deel van die toename in bankkrediet aan die private sektor gedurende die tweede kwartaal en Julie 1975 is egter verklaar deur 'n opmerklieke styging in die korttermynvoorskotte van die Landbank, in die besonder gedurende Julie.

Vanaf die einde van Maart 1975 tot die einde van Julie is daar skerp stygings aangeteken in die monetêre banke (met insluiting van die diskontohuise) se besit aan handelswissels en bankaksepte (R138 miljoen), en in die verhurings- en huurkoopfinansiering wat deur die handelsbanke, monetêre huurkoop- en algemene banke, en aksepbanke verleen is (R94 miljoen). Dit wil voorkom asof eersgenoemde styging verband gehou het met die daling in geldmarkrente koerse tot Julie 1975, en met die omskakeling deur invoerders vanaf buitelandse na binnelandse finansieringsbronne. „Ander” voorskotte van die handelsbanke, aksepbanke en monetêre huurkoop- en algemene banke het gedurende die betrokke vier maande egter met R100 miljoen gedaal.

Die oorskot-likwiditeitsverhouding van die handelsbanke, aksepbanke, en monetêre huurkoop- en algemene banke het gedurende die tweede kwartaal van 1975 betekenisvol vanaf 1,5 persent aan die einde

### Verhoudings van oorskotte of tekorte aan likwiditeit van monetêre bankinstellings

	1975				
	Mrt.	Apr.	Mei	Jun.	Jul.
Handelsbanke . . . . .	2,4	4,3	4,4	7,1	6,9
Aksepbanke . . . . .	0,9	1,3	1,2	1,1	2,3
Monetêre huurkoop- en algemene banke . . . . .	-0,6	0,8	-1,0	0,7	0,8
Alle bostaande monetêre banke:					
Verhouding (%) . . . . .	1,5	3,1	2,8	5,0	5,0
Bedrag (R miljoene) . . . . .	147	306	276	521	513


### Oorsake van veranderings in geld en kwasi-geld, 1975

R miljoene

	Seisoensinvloed nie uitgeskakel nie			Seisoensinvloed uitgeskakel		
	1e kw. 1975	2e kw. 1975	Julie 1975	1e kw. 1975	2e kw. 1975	Julie 1975
Netto goud- en ander buitelandse reserwes . . . . .	11	-253	-47	-25	-289	-59
Eise teen die regeringsektor:						
Bruto eise . . . . .	237	310	69	...	...	...
Regeringsdeposito's (Toename-; afname+) . . . . .	-211	175	27	...	...	...
<i>Netto</i> eise . . . . .	26	485	97	312	354	201
Eise teen die private sektor . . . . .	314	187	136	269	231	206
Private langtermyndeposito's (Toename-; afname+) . . . . .	-50	-229	-87	-100	-123	-95
Netto ander bates . . . . .	-205	104	-45	...	...	...
<b>Totale oorsake van veranderings . . . . .</b>	<b>96</b>	<b>295</b>	<b>53</b>	<b>258</b>	<b>143</b>	<b>83</b>



### Oorskot likwiede bates van handelsbanke, akseptbanke en monetêre huurkoop en algemene banke




van Maart tot 5,0 persent aan die einde van Junie gestyg en vervolgens aan die einde van Julie op ongeveer hierdie peil gebly. 'n Verhoging van die likwiede batevereistes, waardeur die vereiste verhouding ten opsigte van korttermynverpligtings met ingang van die datum van die banke se sertifisering van hul maandopgawes vir Julie vanaf 45 tot 49 persent vir die handelsbanke en vanaf 45 tot 47 persent vir alle ander banke verhoog is, is op 11 Augustus 1975 deur die Reserwebank aangekondig. Tesame met die aankondiging van die devaluasie van die rand met ingang 22 September het die Minister van Finansies verklaar dat die likwiede batevereistes van die banke verder verhoog sal word vanaf die datum van sertifisering van hulle maandopgawes vir September.

Die toestand op die geldmark het gedurende Junie, Julie en Augustus betreklik ruim gebly. Soos te verwagte was, het die mark oor die Junie- en Augustusmaandeindes egter matig vernou, en die banke het gedurende hierdie tydperke gebruik gemaak van voorheen geakkumuleerde saldo's bo die vereiste minimum bedrae by die NFK. Daggeld by die diskontohuise, wat tot R663 miljoen op 1 Augustus toeneem het, het gedurende die Augustusmaandeinde marginaal tot R614 miljoen op 3 September gedaal. Akkommodasie van die Reserwebank aan die banke en diskontohuise, wat gewoonlik oor die Augustusmaandeinde aansienlik toeneem, was onbeduidend.

Die geldmarkrentekoerse het gedurende Junie en die grootste deel van Julie hul daling voortgesit. Ná die verhoging van die Bankkoers vanaf 8,00 na 8,50 persent op 11 Augustus het die geldmarkrentekoerse egter aansienlik gestyg. Die koers op VDS-e van 90 dae, byvoorbeeld, wat tot 6,50 persent op 11 Julie

### Geldmarkrentekoerse



gedaal het, het tot 7,25 persent op 8 Augustus en vervolgens tot 9,00 persent op 5 September gestyg. Op soortgelyke wyse het die skatkisswissentenderkoers, wat tot 5,54 persent op 18 Julie gedaal het, tot 5,61 persent op 8 Augustus en vervolgens tot 6,57 persent op 19 September gestyg. Rentekoerse op deposito's by bankinstellings is in die begin van Julie verlaag vanaf die maksima wat deur die rentekoersbeheerregulasies toegelaat word. Terwyl die koers op korttermyndeposito's in die meeste gevalle met 1 persent verlaag is, het die koers op langertermyndeposito's met slegs 0,5 persent gedaal. Hierdie koerse is oor die algemeen ná die verhoging van die Bankkoers op hierdie vlakke gehandhaaf. Die koers op daggelddeposito's by die diskontohuise wat sedert Maart tot 5,45 persent gedurende die tweede helfte van Junie en in Julie gedaal het, het egter toeneem tot 6,50 persent op 19 September.

Soos alreeds in die Reserwebank se *Jaarlikse Ekonomiese Verslag* aangedui is, is die prima-oortrekkingskoers, d.w.s. die laagste koers waarteen die verrekeningsbanke op oortrokke rekening sal uitleen, wat op 'n peil van tussen 2,5 en 3,5 persent bo die Bankkoers vasgestel word, vanaf 11 tot 11,5 persent verhoog toe die Bankkoers op 11 Augustus verhoog is.




## Staatsfinansies


Gedurende die tweede kwartaal van 1975 het die tekort op die Skatkisrekening 'n vlak van net oor die R500 miljoen bereik wat slegs marginaal kleiner was as die tekort wat gedurende die voorafgaande kwartaal aangeteken is, maar aansienlik hoër as die syfer van R130 miljoen vir die ooreenstemmende kwartaal in 1974. Gedurende Julie het die Skatkisrekening 'n tekort van R131 miljoen getoon teenoor 'n surplus van R97 miljoen gedurende dieselfde maand van 1974.

Aansienlik hoër skatkisuitreikings was hoofsaaklik vir hierdie verwickeling verantwoordelik. Gedurende die tweede kwartaal van 1975 het die totale uitreikings van R1 578 miljoen, hoewel laer as die vlak wat in die voorafgaande kwartaal bereik is, die uitreikings gedurende die ooreenstemmende tydperk in 1974 met soveel as R531 miljoen, of 51 persent, oorskry.

## Ontvangstes en uitreikings op die Skatkisrekening



## Tekort of surplus op die Skatkisrekening



Gedurende die tweede kwartaal van 1975 het die ontvangste op die Skatkisrekening R1 076 miljoen bedra en was ook laer as die vlak wat in die voorafgaande kwartaal bereik is. Vergeleke met dieselfde kwartaal van 1974, het ontvangste met ongeveer 17 persent toegeneem, hoofsaaklik as gevolg van 'n meer as seisoenale toevloei van belastingontvangste gedurende April en Mei.

Van die tekort van R502 miljoen gedurende die tweede kwartaal van 1975 is R325 miljoen uit ander bronne as die monetêre banksektor gefinansier. Dit het die gebruik van R120 miljoen van die kontant-saldo's beskikbaar op die Betaalmeester-generaalrekening en R115 miljoen wat die Tesourie deur middel van netto buitelandse lenings verkry het, ingesluit. Die toename in die Skatkis se netto skuldposisie teenoor die monetêre banksektor het R177 miljoen bedra en was die netto resultaat van 'n toename van R243 miljoen in daardie sektor se besit aan staatskuldbewyse en 'n toename van R67 miljoen in totale skatkisdeposito's. Gedurende Julie het die Tesourie se netto beroep op die monetêre banksektor met 'n verdere R95 miljoen toegeneem.\*

Met die oog op die groot tekort op die Skatkisrekening en die heersende inflasionistiese toestand het die Minister van Finansies op 21 Augustus die Regering se voorneme bekend gemaak om die skatkistekort sover moontlik uit lopende besparings te finansier en om minder op bankinstellings as 'n bron van finansiering staat te maak. Vir hierdie doel sal 'n nuwe effekte-uitgifte van 25 jaar op 1 Oktober vir algemene openbare inskrywing teen 'n historiese hoë opbrengskoers van 10 persent gemaak word. Vanaf 25 Augustus is dié uitgifte deur die Reserwebank tot beskikking van beleggers gestel in bedrae van nie minder nie as R100 000 en aansoeke sal tot aan die einde van September deur die Bank ontvang word. Afgesien van hierdie langtermynuitgifte sal kort- en mediumtermynuitgiftes ook op 1 Oktober vir intekening beskikbaar gestel word op welke datum twee bestaande staats-effekte, ten bedrae van R78 miljoen, sal verval.

Die Minister het ook verklaar dat die Regering as deel van die teen-inflasionistiese veldtog alle pogings sal aanwend om sover moontlik op uitgawes te besuinig en maak staat op die heilhartige samewerking van die provinsiale administrasies, plaaslike owerhede en ander openbare liggame om dieselfde te doen.

\*As gevolg van die verskil in dekking stem die verandering in die Skatkis se netto skuldposisie teenoor die monetêre banksektor nie ooreen met veranderinge in daardie sektor se eise teen die regeringsektor nie. Syfers ten opsigte van die veranderinge in die monetêre banksektor se netto eise teen die regeringsektor gedurende die tydperk April tot Julie 1975, waarna in die afdeling oor die geld- en bankwese hierbo verwys is, is nie alleen beïnvloed deur transaksies op die Skatkisrekening nie, maar in besonder deur lenings gemaak aan buitebegrotingsfondse en deur veranderinge in die deposito's van die Betaalmeester-generaal, die Staatskuldkommissaris en die provinsiale administrasies.



## Kapitaalmark


Toestande in die kapitaalmark het teen die einde van 1974 en die eerste gedeelte van 1975 ietwat verruim en het die normale gesloerde reaksie op die afswaai in ekonomiese bedrywigheid wat gedurende die derde kwartaal van 1974 begin het, weerspieël. Kapitaalmarktoestande is egter gedurende April en Mei hoofsaaklik deur betalingsbalansverwikkelings en weer gedurende Augustus deur betalingsbalans- sowel as staatsfinansieverwikkelings beïnvloed. In albei gevalle het 'n vernouing van marktoestande voorgekom.

Dié tydelike vernouing van die mark vir vaste-rentedraende effekte gedurende April en Mei is weerspieël in 'n aantal uitgiftes van semi-prima-effekte wat nie volskryf is nie. Opbrengskoerse op nuwe uitgiftes het egter nie tot bó die vlakke waartoe hulle teen die einde van 1974 en vroeg in 1975 gedaal het, gestyg nie, maar opbrengskoerse in die sekondêre mark het gedurende die betrokke twee maande tydelik gestyg. Die maatreëls wat in Augustus deur die owerhede aangekondig is om die betalingsbalans te versterk en die finansiering van die sentrale regering se besteding te vergemaklik, het tot gevolg gehad dat markopbrengskoerse gestyg het. Meer in die besonder is die opbrengskoers op die nuwe uitgifte van langtermynstaatseffekte wat vanaf 25 Augustus deur bemiddeling van die Reserwebank beskikbaar gestel is, op 10 persent vasgestel, vergeleke met die vorige koers van 9,5 persent op nuwe uitgiftes. Daarná het die opbrengskoers op nuwe uitgiftes van langtermyn-semi-prima-effekte vanaf 10,75 tot 11,09 persent gestyg en die opbrengskoers op hierdie effekte in die sekondêre mark het met ongeveer dieselfde marge van 0,35 persent toegeneem. Die gaping tussen die opbrengskoerse op prima- en semi-prima-effekte, wat gedurende die afwaartse aanpassingsfase teen die einde van 1974 en die begin van 1975 tot 1,25 persent vergroot het, is weer deur die onlangse opbrengskoersverandering op die vorige vlak van ongeveer 1,1 persent herstel.

Die neiging in kapitaalmarktoestande in die algemeen is ook in die aandelemark weerspieël. Met die uitsondering van goudmyn- en finansiële mynaandele, het die pryse van alle ander klasse aandele, wat sedert die laaste kwartaal van 1974 gestyg het, gedurende April tydelik gedaal. Daarná het hierdie pryse hul stygende verloop hervat tot in Julie, maar het in Augustus merkbaar gedaal. Die pryse van goudmyn- en finansiële mynaandele wat sedert Augustus 1974 afwaarts geskommel het, het ook gedurende Augustus 1975 redelik skerp gedaal.

Die algemene verbetering in aandelepryse gedurende die eerste helfte van 1975 het gepaard gegaan met 'n toename in die bedrag aan nuwe kapitaal wat in die aandelemark opgeneem is. Nuwe uitgiftes van aandele deur maatskappye wat op die effektebeurs genoteer is, het gedurende die tweede kwartaal van 1975 R115 miljoen beloop, vergeleke met R46 mil-

## Opbrengskoerse




joen gedurende die eerste kwartaal en R56 miljoen vir die jaar 1974 as geheel. Hierdie betreklik hoë syfer in die tweede kwartaal het bykans uitsluitlik voortgespruit uit 'n paar groot uitgiftes naamlik dié deur 'n mynboumaatskappy, 'n mynhuis en twee van die groot banke.

Die vloei van langtermynfondse na bankinstellings en bouverenigings, wat gedurende die eerste kwartaal van 1975 aansienlik toegeneem het, was gedurende die tweede kwartaal selfs nog hoër toe dit R492 miljoen bedra het vergeleke met R293 miljoen gedurende die eerste kwartaal. Die invloeiing van fondse na die bouverenigings het gedurende Julie 'n verdere skerp toename getoon en het, op 'n seisoensaangesuiwerde basis, R92 miljoen bedra, vergeleke met 'n maandelikse gemiddelde van R59 miljoen gedurende die tweede kwartaal.

As gevolg van die groter invloeiing van fondse was die bouverenigings in staat om hul leenbedrywighe



## Vloei van fondse na finansiële instellings



Die bedrywigheid in die vaste eiendomsmark, wat gedurende die vierde kwartaal van 1974 en die eerste kwartaal van 1975 afgeneem het, het gedurende die tweede kwartaal van 1975 merkbaar verbeter en was gemiddeld ongeveer 16 persent hoër as gedurende die eerste kwartaal.

uit te brei. Nuwe verbandvoorskotte wat deur die verenigings toegestaan is, het gedurende die tydperk April tot Julie 1975 gemiddeld R105 miljoen per maand bedra, vergeleke met R81 miljoen gedurende die eerste kwartaal.

Die Genootskap van Bouverenigings het op 19 September aangekondig dat die Regering 'n verhoging van die rentekoers betaalbaar op verbandvoorskotte asook die instelling van 'n stelsel van gedifferensieerde uitleenkoerse op woonhuisverbande goedgekeur het. Die hoër koerse op nuwe voorskotte is vanaf 22 September van toepassing terwyl dié op bestaande lenings vanaf 1 November 1975 van krag sal wees.

Die nuwe glyskaal van verbandrentekoerse is as volg:

1. Op alle nuwe en bestaande lenings met 'n uitstaande saldo van tot R10 000 bly die huidige koers van 10,5 persent onveranderd;

2. Op alle nuwe en bestaande lenings tussen R10 000 en R15 000 word die koers tot 10,75 persent verhoog;

3. Op bestaande lenings bo R15 000 word die koers met 0,5 persent tot 11,0 persent verhoog;

4. Op nuwe lenings bo R15 000 is die volgende koerse op die hele bedrag van toepassing:

11,0 persent op eiendomme met 'n bouverenigingwaardasie van tussen R15 000 en R28 000;

11,5 persent op eiendomme gewaardeer teen tussen R28 000 en R40 000; en

12,0 persent op waardasies bo R40 000.

Die owerhede het ook besluit om die persentasie van alle nuwe verbande wat 'n bouvereniging in voorskotte van meer as R18 000 mag toestaan vanaf 25 tot 30 persent te verhoog.